**Maandag 28 Maart**

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:1-6 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:2 (OAV)**

## Mense van die Weg

Dit is hoe hulle bekendgestaan het na wie Paulus op die *weg* vóór sy bekering *onderweg* was om hulle geboeid na Jerusalem te bring: *"mense van die Weg."* Dit is 'n benaming vir Christene in Handelinge (vgl. Hand. 19:9; 22:4). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal: *"aanhangers van die leer van die Here."* Wat wil hierdie benaming sê?

Dit is 'n toepaslike benaming vir Christene. *"Die Weg"* hou verband met Johannes 14:6 waar Jesus in een van sy *Ek is*-uitsprake gesê het: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe."* Jesus het aangekondig dat Hy na die Vader gaan om dáár ons plek gereed te maak.

Ná die aflegging van sy lewe, begrafnis, opstanding (en hemelvaart) is Hy ons Plekbereider. Soos 'n *pad* twee plekke aan mekaar verbind, is Jesus Self die *weg* in die baan van die pad om by ons bestemming tuis te kom. Hierdie weg is die *waarheid*: *"Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"* (Joh. 14:6). Jesus is die *lewe*. Hy is nie 'n doodlooppad nie, maar het 'n weg gebaan wat nuut is en tot die lewe lei (Heb. 10:20).

Wie is dan *"mense van die Weg"*? Hulle loop nie 'n eie pad nie, maar volg *die Weg*. Hulle hou die oog op Jesus as die Leidsman en Voleinder van die geloof. Hulle hou styf vas aan wat Hy geleer het.

Vandag staan as *Gesinsdag* bekend. Verbind aan Hom is ons lede van die huisgesin van God. Is dit waaraan jy en jou gesin uit te ken is: *"mense van die Weg"* deur die geloof in Christus as *"die Weg"*?

*Sing: Psalm 84:6 (1936)*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*